

BENODIGDHEDE: 200 g Elle Summer Breeze-vierdraadgaring (50-g-bolle); suiwer katoen; breinaalde van 2,50 mm en 3,50 mm; 'n kabelnaald.

MATE: Om borsmaat van 62 cm te pas; synaat 25 cm; lengte van bo tot onder 41 cm.

SPANNING: 28 steke en 34 rye = 10 x 10 cm oor patroonsteek met 3,50-mm-breinaalde.

AFKORTINGS: r - brei regs; aw - brei aweregs; ks - koussteek (= brei een ry regs, een ry aweregs); enkelrif - enkelriffelsteek (= brei een steek regs, een steek aweregs); adl - agter deur lus; herh - herhaal; alt - alternatiewe; pat - patroon; beg - begin; vermin - verminder; vermeer - vermeerder; oorbl - oorblywende; k6v - kabel 6 steke voor (= glip drie steke op kabelnaald en hou aan voorkant van werk, brei volgende drie steke regs, brei drie steke op kabelnaald regs); vlg - volgende; RK - regte kant; VK - verkeerde kant; weersk - weerskante.

KABEL-EN-RIFFELPATROON: (Oor 'n getal steke deelbaar deur 17, plus 11).

1e en 3e ry: *aw5, r1 adl, aw5, r6*, herh van * tot * en eindig laaste herhaling met aw5, r1 adl, aw5.

2e en alle ewe rye: *r5, aw1 adl, r5, aw6*, herh van * tot * en eindig laaste herhaling met r5, aw1 adl, r5.

5e ry: *aw5, r1 adl, aw5, k6v*, herh van * tot * en eindig laaste herhaling met aw5, r1 adl, aw5.

Dié 5 rye vorm die patroon.

AGTERPANT: Stel 82 steke met 2,50-mm-breinaalde op en brei 3 cm enkelrif.

Slaan oor na 3,50-mm-breinaalde, vermeer 5 ste eweredig gespaseer oor eerste ry, brei kabel-en-riffelpatroon oor middelste 79 steke en brei ks oor eerste en laaste 4 steke.

Mouvorming: Brei reguit voort in pat soos gestel, tot werk 25 cm lank is vanaf beg, en stel dan 13 ste op aan beg van vlg 2 rye vir moue. Brei pat oor al die steke tot werk 37 cm lank is vanaf beg.


Halsvorming: Vlg ry: Heg middelste 33 steke af en brei skouers afsonderlik. Brei voort in pat tot werk 41 cm lank is vanaf beg en heg oorbl ste af.

VOORPANT: Soos agterpant tot werk 33 cm lank is vanaf beg.

Halsvorming: Vlg ry: Heg middelste 33 steke af en brei skouers afsonderlik. Brei voort in pat tot werk 41 cm lank is vanaf beg en heg oorbl ste af.

HALSSTROOK: Stel 146 ste met 2,50-mm-breinaalde op en plaas 'n merker by 21e st, 53e st, 84e st en 126e st (= hoeksteke aan halsrand). Brei voort in enkelrif en vermin 1 st aan weerskante van gemerkte ste (8 ste vermin in een ry) in elke RK-ry. Brei voort tot werk 1,50 cm breed is en heg af.

AFWERKING: Werk skouernate toe. Tel met 2,50-mm-breinaalde ste uit albei mou-rande op en brei 3 cm enkelrif. Heg af. Werk synate toe. Werk halsstrook om hals vas.



**Van kleins
af in die
mode**